

Gallo Images/iStock

# TOT DIE DOOD ONS SKEI ...

Wat as dinge net nie meer uitwerk nie? Hoe skei mens beskaafd? vra Anne Marais

**Die huwelik is ongelukkig nie 'n sprokie nie en soms het die troubelofte van "tot die dood ons skei" 'n dubbelsinnige betekenis.**

Vir sommige beteken dit die dood van 'n verhouding. Talle mense is vasgevang in 'n huwelik wat nie werk nie.

Tryna* vertel dat sy in 'n dooie huwelik vasgevang was, maar geglo het egskeiding is uit die bose. "Vandag besef ek die dood van ons verhouding was in elk geval 'n vorm van egskeiding."

Volgens **Elize Maartens**, 'n maatskaplike werker, is daar verskeie faktore wat 'n rol speel wanneer daar besluit word om te skei.

"Dit is wenslik om deur 'n proses van mediasie te werk en oor alles te praat voordat regsadvies ingewin word.

"Deur mediasie kan dispute buite die hof opgelos word. As daar dan onopgeloste dispute oorbly, kan dit vir litigasie verwys word. Dinge wat oorweeg moet word, is versorging en woonplek, kontak met kinders, onderhoud, verdeling van bates en laste en erflatings.

"Dit is ook noodsaaklik dat die kinders deur middel van terapie voorberei word en dat ouers leiding kry oor hoe om vir hulself en hul kinders die oorgang so maklik as moontlik te maak."

Sielkundige **dr Hannetjie van Zyl-Edeling** sê egskeiding behels die skeiding van lewens en bates. "Dit word baie vergemaklik as daar 'n behoorlike voorhuwelikse kontrak opgestel is. Moenie die huwelik verromantiseer nie – die kontrak is juis daar vir wanneer realiteit inskop en sake skeefloop. Dit beteken nie dat jy beplan dat dinge sal verkeerd gaan nie, maar wees veilig."

## NIE MEER VIR ALTYD

Elize sê vorige generasies was konserwatiewer en het geglo dat die huwelik vir altyd is, of dit nou ongelukkig was of nie.

"Dit het nie saak gemaak hoe sleg die verhouding was nie, daar is van mense verwag om aan die verhouding te werk en nie 'n ander uitweg te soek nie. Egskeiding is as 'n skande beskou en die dood was die enigste uitweg uit 'n slegte huwelik."

Hannetjie sê jare gelede het 'n predikant vir haar gesê dat dit ook kan beteken tot die dood van 'n verhouding mense skei.

Wanneer is 'n verhouding dood?

Elize sê 'n verhouding is dood wanneer daar geen gevoel en liefde meer vir mekaar is nie. "Die paartjie word nie eens meer kwaad vir mekaar nie. Daar is geen emosie tussen hulle nie." Sy sê verder die verhouding het onherstelbaar verbrokkel wanneer die verhouding oor 'n tydperk skade kry tot by 'n punt waar dit nie weer aanmekaargesit kan word nie. Dan is dit "verwoes".

Hannetjie sê 'n verhouding is dood wanneer mense nie met mekaar kan klaarkom nie en letterlik alles gedoen het om die saak te probeer beredder.

"'n Huwelik is dood as dit vir die partye makliker en beter is om alleen te wees as om saam voort te gaan en ook as hulle 'n swak voorbeeld vir die kinders stel."

## HOEKOM IS EGSKEIDING SO MOEILIK?

Elize sê soms as daar nie oor verskeie aspekte ooreengekom kan word nie, kan die proses van egskeiding uitgerek, duur en emosioneel dreinerend wees.

"Daar kan ook 'n magstryd ontstaan as een van die partye nie wil skei nie. Dit maak nie saak hoe glad die proses verloop nie, albei partye ly uiteindelik baie verliese."

Hannetjie voeg by dat dit moeilik is omdat die persoon nie weg is uit jou lewe nie.

"Die swakste karaktereienskappe van mense is geneig om met dood of egskeiding uit te kom.

"Daar is so baie partye wat in ag geneem moet word en elkeen trek in 'n ander rigting. Mense sukkel ook met skuldgevoelens en het nie noodwendig meer volwasse geraak as toe hulle getroud is nie.

"Probleme verdwyn nie oornag nie – hulle word groter en uitgawes en moeite word al meer. Die vriende, familie en kinders sukkel met lojaliteite. Een of albei voel op die een of ander manier verwerp, mislei of benadeel. Daar is baie kwade gevoelens. Die rede vir die egskeiding maak sake ook moeiliker as daar ontrouheid of ander *dealbreakers* was."

## WAT IS DIE OPLOSSING?

Elize sê dit is nodig dat 'n paartjie individueel en ook saam met 'n terapeut besin oor waar hul huwelik is. "Albei partye moet oor redes dink waarom hulle in die huwelik sal wil bly, wat die sterk punte van die huwelik is en wat die redes is waarom die huwelik ontbind moet word.

"Dis nodig om vas te stel wat die wins en verliese sou wees as die huwelik beëindig sou word. Hulle moet ook dink oor die redes waarom hulle verlief geraak het en of hulle nog lief is vir mekaar."

Sy sê dis belangrik om vas te stel of daar genoeg liefde is om met die verhouding voort te gaan.

"As hulle voel dat daar geen liefde oorgebly het nie, is dit moontlik om deur middel van intensiewe terapie en 'n verbintenis deur albei partye die huwelik te red. As hulle ná 'n proses van intensiewe terapie tog besluit om die huwelik te beëindig, kan albei partye op 'n betekenisvolle manier afsluiting vind. Mense is dan meer geneë om op 'n beskaafde manier te skei."

Hannetjie sê dis belangrik om met 'n plan te werk en nie sonder 'n "valskerm" te spring nie. "Werk aan 'n uitgangstrategie wat die beste vir almal sal werk. Kry jou eie inkomste. Kry 'n mediator. Bespreek op 'n volwasse manier wat vir die kinders die beste is. As daar nie kinders is nie, is daar baie minder probleme. Dan kan die saak onbestrede wees en binne 'n paar weke afgehandel word. Moenie geldgierig wees nie."

## WENKE VIR PAARTJIES

**Elize sê:**

- Werk deurlopend aan die huwelik en moenie wag totdat dit te laat is nie.
- As dit voel asof die band tussen julle verbreek is en julle weet nie hoe om weer bymekaar uit te kom nie, gaan vir 'n huweliksverrykingskursus.
- As julle op 'n egskeiding besluit en julle het kinders, verduidelik saam aan die kinders op 'n ouderdomstoepaslike manier hoekom julle skei. Verseker die kinders van jul onveranderde liefde en dat dit nie hul skuld is dat julle skei nie.
- Berei die kinders voor op die veranderings wat gaan plaasvind. Behou 'n goeie roetine aan albei kante om sekuriteit te skep.
- Respekteer mekaar voor die kinders sowel as in die afwesigheid van die ander ouer. Moet nooit die kinders in die middel van 'n konfliksituasie plaas nie en moenie die kinders gebruik om inligting oor die ander ouer te kry nie.
- 'n Onbevooroordeelde maatskaplike werker of bemiddelaar kan met die optrek van 'n ouerskapsplan betrek word.
- Kinders moet ook die geleentheid gebied word om deur middel van terapie die trauma van die egskeiding te verwerk.

**Hannetjie sê:**

- Tree volwasse op.
- Moenie mekaar probeer beheer nie.
- Onthou kinders is nie wapens nie.
- Die beste vorm van wraak is 'n goeie lewe.
- Maak seker die kinders weet dat hulle nie verwerp sal word nie.
- Wees ter wille van die kinders sterk en beheers.
- Moet nooit jou eks voor die kinders of ander sleg maak nie.
- Maak seker jy kry terapie voordat jy in 'n ander verhouding inbeweeg.
- Moenie mekaar beskuldig nie.
- Moenie van kinders verwag om tussen die ouers te kies nie.

*** Skuilnaam**

**Kontakbesonderhede:**
**Dr. Hannetjie Van Zyl-Edeling: han@emlct.co.za; Elize Maartens: elizemaartens@hotmail.com** VK